education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2009

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

GAUTENG

**VRAAG 1: WAS DIT DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE WAT DIE EINDE VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED HET?**

**BRON 1A**

Die volgende bron bevat twee perspektiewe:

**Perspektief 1: Geneem uit *The State of Africa* deur M Meredith**

Van al die internasionale invloede was Gorbatsjof se hervormings die grootste omdat die hervormings 'n einde aan die kommunistiese ryk gebring het en Pretoria se vrese afgeweer het dat die Swart stryd teen apartheid 'n sameswering was wat vanuit Moskou beheer is. Dit het die druk van De Klerk weggeneem en hom die kans gegee om sy optrede, wat andersins as selfmoord geïnterpreteer sou word, teenoor sy mense te regverdig … Ekonomiese sanksies en planne om beleggings uit Suid-Afrika te onttrek, het betekenisvol bygedra tot die druk op De Klerk om op te tree. Dit, saam met rasse-oproerigheid, het Suid-Afrika in die diepste finansiële krisis in sy geskiedenis gedompel. Vertroue in die sakewêreld het tot sy laagste vlak gedaal en al hoe meer was die uitroep: 'So kan ons nie langer aangaan nie!'

**Perspektief 2: Geneem uit *South African Review from Red Friday To Codesa***

Teen die einde van 1989 het 'n verandering in die balans van internasionale, streeks- en nasionale magte nuwe geleenthede in die stryd in Suid-Afrika geopen. Op internasionale vlak het die Koue Oorlog geëindig terwyl internasionale anti-apartheid-solidariteit 'n hoogtepunt bereik het. Groot moondhede, insluitend die Verenigde State van Amerika, Brittanje en die Sowjetunie, het toenemende druk op Suid-Afrika geplaas om die politieke dooiepunt deur middel van 'n onderhandelde skikking op te los. Op streeksvlak het die SAW se nederlaag in Angola in 1988 en Swapo se oorwinning in Namibië se onafhanklikheidsverkiesing in November 1989 Suid-Afrika se militêre en veiligheid-en-sekuriteitsleiers polities verswak. Intern het politieke en ekonomiese gebeure die regerende Nasionale Party oorreed om aan internasionale druk toe te gee en in te stem tot 'n onderhandelde skikking.

**BRON 1B**

Hierdie is 'n uittreksel uit *Tomorrow Is Another Country, The Story of South Africa's Negotiated Settlement* deur Allister Sparks.

Ten spyte van tekens van 'n regse teenstroom en ernstige bedenkinge onder die sekuriteitsmagte, het De Klerk voortgegaan met sy planne. Met kalmte en vol selfvertroue het hy op 2 Februarie 1990 in die Parlement in Kaapstad aangekondig dat hy die verbod op die ANC ophef en Mandela gaan vrylaat. Hy het verder verklaar: 'Dit is tyd vir ons om uit die sirkel van geweld los te breek en 'n deurbraak vir vrede en versoening te maak'. Hy het nuwe doelwitte vir die regering gestel. Dit het 'n demokratiese grondwet en universele stemreg ingesluit. In werklikheid het De Klerk die einde van apartheid aangekondig. Die waagmoed van De Klerk se hervormings het Suid-Afrika op 'n totale nuwe pad geplaas. In die titaniese stryd tussen wit en swart was die sentrale kwessie altyd politieke mag. Geeneen van die Nasionale Party se vorige hervormings het ooit hierdie vraagstuk aangespreek nie. De Klerk het nou met een slag ingestem tot een-man-een-stem en die weg gebaan vir die verwesenliking daarvan.

**BRON 1C**

Die volgende bron kom uit *The State of Africa* deur M Meredith.

En so het Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 deur die hekke van die Victor Verster-gevangenis gestap, hand aan hand met sy vrou, Winnie, op pad na die groep wagtende ondersteuners en die wêreld se media. Dit was 'n oomblik van vryheid wat dwarsoor die wêreld ervaar is. Mandela is eenkeer gevra hoe die man wat na sewe-en-twintig jaar uit die tronk gestap het, verskil het van die een wat ingegaan het. Hy het kenmerkend met min woorde geantwoord: 'Ek het volwasse uitgekom'. Mandela het nie daarvan gehou om oor homself te praat nie en het selde iets van sy persoonlike gedagtes en emosies laat blyk.

Hierdie is 'n foto van Mandela saam met sy vrou, Winnie, op die dag van sy vrylating.



**VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN DIE 1990's TOT DIE HERVOORSTELLING VAN ANGOLA (SENTRAAL-AFRIKA) GELEI?**

**BRON 2A**

Hierdie uittreksel kom uit *Conflict in Africa: Angola – Ending the Cold War in Southern Africa* deur B Munslow.

Die eerste sprake van vrede in Angola se lang, uitgerekte burgeroorlog het in 1990 gekom toe die Koue Oorlog geëindig het. Gedurende die 1980's was Angola 'n pion in die Koue Oorlog, 'n speelplek waar die VSA en die Sowjetunie verteenwoordigende magte van ander lande gebruik het om vir oorheersing (mag en beheer) te wedywer. Terwyl die Russe en Kubane die MPLA [Popular Movement for the Liberation of Angola] se Marxistiese regering in Luanda staande gehou het, het Amerika en Suid-Afrika Jonas Savimbi se rebelse UNITA [National Union for the Total Independence of Angola]-beweging ondersteun.

In 1990, nadat die Russe belangstelling in Angola verloor het, het die MPLA Marxisme-Leninisme formeel opgehef en hulle ten gunste van ekonomiese hervorming verklaar. Die MPLA het by sy kongres in Desember 1990 sy besluit bevestig om 'n veelpartystelsel aan te neem en versigtig in die rigting van markbeheerde ekonomiese beleid beweeg, veral nadat hulle lidmaatskap van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en Wêreldbank verkry het. Die hervormings wat ingestel is, het egter nog meer sakegeleenthede vir die elite geskep, veral die privatisering van die regering se besittings.

**BRON 2B**

Hierdie uittreksel kom uit *The State of Africa* deur M Meredith.

Met die einde van die Koue Oorlog in suidelike Afrika in sig, was die kanse beter as ooit tevore om die binnelandse konflik in Angola uiteindelik te beëindig. Die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, James Baker, en die Sowjet Minister van Buitelandse Sake, Eduard Shevardnadze, het voordeel getrek uit hulle teenwoordigheid by Namibië se onafhanklikheidsvieringe en het probeer om 'n gesamentlike oplossing vir Angola se burgerkonflik te vind. Mnr. Shevardnadze het voorspel dat 'n vredesooreenkoms teen Julie 1991 moontlik was na die voltooiing van die onttrekking van Kubaanse troepe. Die bepalings van die vredesooreenkoms wat deur die Angolese regering en Unita onderteken is, het voorsiening gemaak vir 'n skietstilstand, waarna alle dodelike militêre hulp van die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie beëindig sou word. Brittanje en Frankryk sou help met die stigting van 'n nasionale weermag in 'n proses wat voor die verkiesing in September 1992 voltooi moes wees.

Ten spyte van toenemende spanning het Angola die eerste tekens van vryheid beleef. Nuwe winkels en kroeë het geopen; duisende buitelandse vrywilligers het ingestroom; ambisieuse planne vir rekonstruksie is opgestel; buitelandse sakemanne was op soek na kontrakte; inwoners het hulle huise geverf. Die Amerikaanse joernalis, Judith Matloff, het geskryf: 'Angola was in 1992 soos 'n Rip Van Winkel (die held van 'n storie wat vir 20 jaar geslaap het en skieklik wakker geword het om 'n nuwe wêreld te vind) wat wakker geword het na die donker dae van sosialistiese ontneming.'

**BRON 2C**

Die volgende bron gee die uitslae van die 1992-verkiesing in Angola. Geneem uit die webtuiste http://africanelections.tripod.com/ao.

**29 – 30 September 1992 Nasionale Vergadering Verkiesing**

| PARTY | AANTAL STEMME | % STEMME | AANTAL SETELS (220) |
|---|---|---|---|
| Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) | 2 124 126 | 53,74% | 129 |
| National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) | 1 347 636 | 34,10% | 70 |
| National Front for the Liberation of Angola (FNLA) | 94 742 | 2,40% | 05 |
| Liberal Democratic Party (PLD) | 94 267 | 2,39% | 03 |
| Social Renewal Party (PRS) | 89 875 | 2,27% | 06 |
| Democratic Renewal Party (PRD) | 35 293 | 0,89% | 01 |
| Democratic Alliance of Angola (AD) | 34 166 | 0,86% | 01 |
| Social Democratic Party (PSD) | 33 088 | 0,84% | 01 |
| Party of the Alliance of Youth, Workers and Peasants (PAJOCA) | 13 924 | 0,35% | 01 |
| Angolan Democratic Forum (FDA) | 12 038 | 0,30% | 01 |
| Democratic Party for Progress-Angolan National Alliance (PDP-ANA) | 10 620 | 0,27% | 01 |
| Angolan National Democratic Party (PNDA) | 10 281 | 0,26% | 01 |
| Ander | 52 209 | 1,32% | - |

## VRAAG 3: HOEKOM WAS DIE PAD NA DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA MET ONSEKERHEID, VREES EN ANGS GEVUL?

### BRON 3A

Die volgende uittreksel kom uit 'n Suid-Afrikaanse Geskiedenis skoolhandboek, *Making History*.

Mandela is toegelaat om 'n vergadering met sy ANC- [African National Congress], UDF- [United Democratic Front] en MDM- [Mass Democratic Movement] medestryders te hou ter voorbereiding van die vergardering met De Klerk. Dit het Cyril Ramaphosa, sekretaris-generaal van die National Mineworkers' Union, en sy medestryders op Robbeneiland, soos Tokyo Sexwale en Patrick 'Terror' Lekota, ingesluit. Saam het hulle 'n brief aan FW de Klerk geskryf waarin hulle onderhandelings voorgestel het, die afskaffing van voorwaardes vir samesprekings verwerp het, versoek het dat apartheid beëindig word en die weg gebaan word vir versoening …

Op 13 Desember 1989 het De Klerk Mandela na Tuinhuys genooi, na dieselfde vertrek waar hy saam met PW Botha tee gedrink het. Mandela het De Klerk gelukgewens met sy aanstelling as Staatspresident en die hoop uitgespreek dat hulle 'n goeie werksverhouding sou opbou met die bou van 'n nuwe Suid-Afrika.

### BRON 3B

Hierdie bron is 'n uittreksel uit 'n televisietoespraak deur Nelson Mandela op 10 April 1993 na die dood van Chris Hani.

'n Onvergeeflike misdaad is vandag gepleeg. Die berekende, koelbloedige moord op Chris Hani is nie net 'n misdaad teen 'n geliefde seun van ons land nie. Dit is 'n misdaad teen al die mense van ons land. 'n Man van passie, van ongeëwenaarde moed, is in die fleur van sy lewe afgemaai. Gedurende daardie tyd het hy die saak van bevryding met onderskeiding gedien en die respek en liefde van miljoene in ons land verdien. Sy dood eis dat ons daardie taak met selfs groter vasberadenheid voortsit. Ons doen 'n beroep dat alle kerkdienste oor die Paasnaweek hulde aan die lewe van Chris Hani en dit waarin hy geglo het, sal bring. Hierdie slagting moet tot 'n einde kom.


Vanaand reik ek uit die diepste van my wese uit na elke Suid-Afrikaner, swart en wit. 'n Blanke man, gevul met vooroordeel en haat, het na ons land gekom en 'n gruweldaad gepleeg wat ons hele land in 'n krisis gedompel het. 'n Blanke vrou, van Afrikaanse oorsprong, het haar lewe gewaag om die moordenaar aan ons bekend te stel en sodoende geregtigheid te laat seëvier … Nou is die tyd vir alle Suid-Afrikaners om saam te staan teen diegene wat dit waarvoor Chris Hani sy lewe opgeoffer het, wil vernietig – ons almal se vryheid.

**BRON 3C**

Die bron hieronder bestaan uit 'n uittreksel en 'n grafiek wat die persentasie setels wat in die algemene verkiesing van 1994 gewen is, aandui. Inligting verskaf deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie.

Op 6 Mei het die Onafhanklike Verkiesingskommissie verklaar dat die verkiesing "vry en regverdig" was. Die ANC het net minder as die twee-derde-meerderheid gekry wat hulle in staat sou stel om die finale grondwet op hulle eie te skryf. Die NP het 20,4% van die stemme gewen, genoeg om 'n Adjunkpresident te kies en beheer oor die Wes-Kaap, een van die nege nuwe provinsies, te verkry. Die IVP het 10,5% van die stemme en beheer oor KwaZulu-Natal verkry; die Vryheidsfront van Generaal Viljoen het 2,2% van die stemme getrek; die Demokratiese Party 1,7% en die PAC 1,2%. Die ANC het beheer oor die ander provinsies gewen en die voorheen nominaal onafhanklike Tuislande ('Bantustans') is weer in 'n verenigde Suid-Afrika, bestaande uit nege provinsies, opgeneem.

**UITSLAG VAN DIE 1994-VERKIESING**



**VRAAG 4: HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE GENESENDE WONDE VAN 'N PYNLIKE SUID-AFRIKA WEER OOPGEVLEK?**

**BRON 4A**

Die volgende uittreksel kom uit *No Future Without Forgiveness* deur Desmond Tutu.

In die vroeë oggendure van 31 Augustus 1988 het 'n massiewe bom Khotso Huis, die hoofkwartier van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in Johannesburg, geruk en dit in puin gelê.

… Niemand minder nie as mnr. Adriaan Vlok, toe Minister van Wet en Orde, het aangekondig dat die ANC, wat toe nog 'n verbode organisasie was en wie se lede gereeld as "terroriste" beskryf is, wie se aktiwiteite "kommunisties-geïnspireerd" was, vir die bomaanval op Khotso Huis verantwoordelik was. Hy het die vermetelheid gehad om die persoon te noem wie die polisie beweer het die meesterbrein agter die jongste vlaag van geweld was. Hy het 'n me. Shirley Gunn van die daad beskuldig en sy en haar babaseun is vir ongeveer ses maande sonder verhoor aangehou

Die wêreld en Suid-Afrika sou nooit die waarheid agter die Khotso Huis-aanval geken het as dit nie vir die Waarheid-en-Versoeningskommissie was nie.

Die polisie kon hulleself nooit die skuld gegee het nie, en die wêreld sou dus aanhou glo het dat die ANC die skuldiges was.

… Die waarheid het uitgekom toe die skuldiges om amnestie aansoek gedoen het. Die voormalige kabinetminister, mnr. Vlok, wat so oortuigend in die media aangekondig het dat die bomaanval die werk van die ANC was, het die waarheid in sy amnestie-aansoek ontbloot. Hierdie daad van terrorisme, soos hy dit tereg in sy aankondiging uitgebeeld het, was in werklikheid die werk van sy eie departement. Sy eie polisie-offisiere, wat veronderstel was om wet en orde te handhaaf en terroriste in hegtenis te neem, het self hierdie ernstige daad van stedelike terrorisme gepleeg. Dit het so duidelik die morele bankrotskap van die laakbare stelsel gedemonstreer dat hulle tot sulke lae dade moes daal om die stelsel in stand te hou. 'n Minister het in die openbaar 'n blatante leuen vertel. Mnr. Vlok het onthul dat Khotso Huis op aanbeveling van die destydse Staatspresident, mnr. PW Botha, gebombardeer is.

… Mnr. Vlok moet krediet gegee word dat hy ná sy amnestie-aansoek ruimskoots vir me. Gunn om verskoning gevra het vir die skandelike manier waarop hy haar beswadder het. Niks kon vergoed vir die verlies aan persoonlike vryheid en die gruwelike onreg wat sy gely het nie.

**BRON 4B**

Die volgende bron bestaan uit twee dele en verwys na PW Botha se houding teenoor die WVK.

**DEEL I: GENEEM UIT *LAYING THE GHOSTS TO REST* DEUR MAMPHELA RAMPHELE**

Nog 'n omstrede geval was dié van die voormalige President, mnr. PW Botha. Hy het geweier om sy samewerking aan die WVK te gee en dit verwerp as 'n instrument wat Afrikanergeskiedenis en die bydrae wat sy voorvaders tot Suid-Afrika gemaak het, in oneer wil bring. Tutu het hom op vele maniere probeer oortuig. Hy is maande gegee om op vrae van die WVK te antwoord. Tutu het Botha by sy tuiste in die Wildernis, Suid-Kaap, besoek om hom te probeer oorreed om verantwoordelikheid te aanvaar vir die beleid wat onder sy toesig gevolg is. Botha was tot aan die bitter einde sonder berou. Volgens hom het die Afrikaners niks verkeerd gedoen nie. Hulle het net hulle Godgegewe verantwoordelikhede nagekom om Christelik-nasionale waardes teen terroriste en kommuniste te verdedig. Tutu het Botha met groot respek en eerbied behandel, selfs al het hy nie met sy siening saamgestem nie.

Die hof het Botha aangespreek omdat hy 'n dagvaardiging om voor die WVK te verskyn, verontagsaam het. Selfs in die hof het Tutu nie sy rug op Botha en die kans om die land te genees, gedraai nie. Hy het 'n voorstel aan Botha gemaak om te erken dat sy regering se beleid tot wandade deur verskeie regeringsamptenare gelei het, en dat hy jammer was. Maar Botha was tot die bitter einde hardkoppig.

Sommige lede van die kommissie het gevoel dat Tutu agteroor gebuig het om 'n skuldige tegemoet te kom wat geen berou getoon het nie. Hierdie was nie net enige persoon nie, maar iemand wat 'n leierskapsposisie beklee het. Moes hy nie verantwoordelikheid aanvaar het vir menseregteskendings tydens 'n regeringstelsel waarvan hy so lank die hoof was nie? Ander het weer gewys op die risiko's om op daardie tydstip President Botha te verneder. Gegewe die broosheid van die nuwe demokrasie, het die gevaar bestaan dat 'n regse vleuel in opstand kon kom.

**DEEL II: GENEEM UIT *NO FUTURE WITHOUT FORGIVENESS* DEUR DESMOND TUTU**


Desmond Tutu is geroep om teen PW Botha getuienis te lewer. Hy het die volgende beroep gedoen:

… Ek sê net dat die regering waarvan hy die hoof was, aan baie van ons mense diep, diep lyding en pyn en swaarkry veroorsaak het. Ons mense wil deel wees van hierdie land en deel wees van versoening. As mnr. Botha net kon sê: 'Ek is jammer dat die beleid van my regering julle soveel pyn veroorsaak het.' Net dit. Kan hy net bieg en sê: 'Ek is jammer dat die beleid van my regering julle soveel pyn veroorsaak het'? Dit sal 'n ontsaglike ding wees en ek doen 'n beroep op hom.

Mnr. Botha het slegs met woede op my beroep reageer.

**BRON 4C**

Die volgende spotprent deur Zapiro, gedateer 1 November 1998, het in die *Sunday Times* verskyn. Tutu word op 'n vurkhyser uitgebeeld, die ANC stap weg en die NP word onder die verslag van die WVK begrawe.



**ERKENNING**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bradley, C. 1996. *Causes and Consequences of the End of Apartheid* (Raintree Steck – Vaughn)
Bottaro, J et al. 2007. *In Search of History – Grade 12* (Oxford University Press)
Claire, H et al. 2007. *Making History –* Grade 12 (Heinemann Publishers)
Clark, JF. 2002. *The African States of the Congo War* (Palgrave)
Christie, K. 2000. *The South African Truth Commission* (Palgrave Publishers)
Culpin, C. 2000. *South Africa Since 1948* (John Murray Publishers)
Dlamini, N et al. 2007. *Shuters History Grade 12* (Shuter & Shooters Publishers)
Dugmore, C et al. 2007. *Viva History – Grade 12* (Vivlia Publishers & Booksellers)
Friedman, M et al. 2007. *Focus on History Looking Into The Past Grade 12* (Maskew Miller Longman)
Gevisser, M. 2007. *The Dream Deferred: Thabo Mbeki* (Jonathan Ball Publishers)
Govender, SP et al. 2007. *New Generation History Grade 12* (New Generation Publishing Enterprises)
Graves, F et al. 2007. *Moments in History* (Juta Gariep)
http://africanelections.tripod.com/ao
Mandela, N. 1994. *Long Walk to Freedom* (Abacus)
Meiring, P. 1999. *Chronicle of the Truth Commission: A Journey Through The Past and Present – Into the Future of South Africa* (Carpe Diem Books)
Meredith, M. 2005. *The State of Africa. A History of Fifty Years of Independence.*
Mkondo, R. 1993. *Reporting South Africa* (Heinemann Publishers)
Mohamed, S et al. 2004. *Capital Flight from South Africa 1980 – 2000*
http://www.tips.org.za/events/forum2004/Papers
Morris, M. 2004. *Every Step of the Way*: *The Journey to Freedom in South Africa* (Cambridge University Press)
Munslow, B. 1995. *Conflict in Africa: Angola – Ending the Cold War in Southern Africa* (Taurus Publishers)
Nugent, P. 2004. *Africa Since Independence: A Comparative History* (Palgrave Macmillan, Basingstoke)
Roberts, M. 2001. *South Africa 1948 – 1994* (Longman)
Saul, S. 1986. *South Africa – The Crisis Deepens* (Juta)
Sparks, A. 1994. *Tomorrow is Another Country* (Struik Publishers)
*Sowetan* (1 December 1998); *Sunday Times: How Hani Died (*11 April 1993*)*
Tutu, Desmond. 1998. *No Future Without Forgiveness* (Cambridge University Press)
Woods, D. 2001. *Nelson Mandela. The Illustrated Long Walk to Freedom* (Little Brown)